# McCain Foods open tweede navorsingsplaas in Suid-Afrika

Deur Susan Marais, Plaas Media

Lichtenburg in Noordwes het op 26 April amptelik die tuiste van die tweede McCain bewaringslandbou-proefplaas geword, toe die Farm of the Future Africa-perseel daar geopen is. Dié stap is deel van die multinasionale voedselreus se strategie om bewaringslandbou teen 2030 op al McCain se aartappellanderye toe te pas as deel van volhoubaarheidsteikens.

Die eerste Farms of the Future-plaas is in 2020 in Kanada onthul en die maatskappy, met sy hoofkantoor in Toronto, hoop om teen 2025 'n derde perseel te open. "Die doel van die proefplase is om groter begrip vir bewaringslandboutegnieke te kweek, en om die plase se omgewingsimpak, koste en voordele te bestudeer," het Charlie Angelakos, McCain se visepresident vir globale eksterne sake en volhoubaarheid, gesê. "Dié vlagskipprojek onderstreep McCain se verbintenis tot die groei van Suid-Afrika se landbou en agri-verwerkingsbedrywe."




*Van links na regs is Charlie Angelakos, McCain se visepresident vir globale eksterne sake en volhoubaarheid, Monako Dibetle, McCain Suid-Afrika se hoof van volhoubaarheid en kommunikasie, Unathi Mhlatyana, McCain Suid-Afrika se besturende direkteur, Karen Blumenschein, gade van die Kanadese Hoëkommissaris tot Suid-Afrika, Chris Cooter, Kanadese Hoëkommissaris tot Suid-Afrika, Desbo Mohono, LUR vir landbou, grondhervorming en landelike ontwikkeling in Noordwes, en Philippe Thery, globale hooflandboubeampte van McCain Foods Limited.*

## Die plaaslike klimaat

Angelakos het gesê McCain het Suid-Afrika spesifiek uitgekies vir sy kundigheid rondom bedryfsleidende bewaringslandboupraktyke, asook die feit dat talle ander lande waar McCain werksaam is onder soortgelyke klimaatstoestande produseer.

Desbo Mohono, die LUR vir landbou, grondhervorming en landelike ontwikkeling in Noordwes, het die opening van die nuwe fasiliteit verwelkom. "Voedselsekerheid bly 'n kwelpunt vir die regering en die staat kan nie die probleem op sy eie aanspreek nie. Ons het vennote nodig en daarom is ons dankbaar vir navorsingsplase soos hierdie."



*Pieter Hollebrandse, 'n landbou-ingenieur en spesialis aartappelverbouer vir McCain in Suid-Afrika, verduidelik hoe hierdie trekker se wiel-as aangepas is sodat die wiele verder uitmekaar sit. Nou kan dié trekker op dieselfde spoor as die ander masjinerie loop, met die gevolg dat die grondkompaksie nie so erg soos in 'n tradisionele stelsel is nie.*

Mohono het bygevoeg dat dit veral belangrik is dat nuwe toetreders tot die sektor gehelp moet word om kennis op te doen. "Al is hierdie projek gefokus op McCain se bedrywighede, moet ons nie vergeet dat produsente hierby gaan baat nie. Boerdery is 'n ernstige besigheid en hierdie inisiatief sal al ons aartappelboere kan help om hul besighede uit te bou."




*Susan Marais van Plaas Media by Desbo Mohono, LUR vir landbou, grondhervorming en landelike ontwikkeling in Noordwes, Unathi Mhlatyana, McCain Suid-Afrika se besturende direkteur, en Jaco Koekemoer, nasionale bemarkingsbestuurder van Aartappels SA.*

Unathi Mhlatyana, uitvoerende hoof van McCain in Suid-Afrika, sê dat die perseel ook dien as 'n platform om nuwe talent te werf en op te lei in lyn met die minister van landbou, grondhervorming en landelike ontwikkeling se plan om 'n nuwe generasie suksesvolle produsente te vestig.

Om so hulpbrondoeltreffend as moontlik te wees, is sonkragenergie en verskeie masjinerieskure by die plaas se hoofkantoor aangebring. Die maatskappy is ook besig om te kyk na hoe sonkrag ingespan kan word om besproeiing aan te dryf.

Vir meer inligting, kontak Monako Dibetle by monako.dibetle@mccain.co.za.

Mondstuk van die Suid-Afrikaanse aartappelbedryf • Mouthpiece of the South African potato industry

# CHIPS

VOL 37 NO 4 • JULY / AUGUST 2023



## FRESH PRODUCE MARKETS: PACKAGING AND REPACKAGING TO PERFECTION

## KULTIVARPROEWE IN LIMPOPO, KWAZULU-NATAL EN OOS-VRYSTAAT

Resistance management of moths

Market monitor: First 22 weeks at fresh produce markets in 2023

Globally Harmonised System in context